Dit is nie altyd maklik nie! Baie keer word ons harte geteister met vrae soos: “As God dan goed is, hoe skep Hy dan ‘n wêreld waar lyding, misdaad, ongeregtigheid, armoede en siekte bestaan? Hoe kom gebeur dan al hierdie slegte dinge in my lewe? Hoe kan God hierdie omstandighede toelaat? Het Hy dan ‘n gebrek aan krag

omdat hy ‘n wêreld soos hierdie gemaak het? Is Hy werklik goed?

Kom ons kyk vir ‘n oomblik na die konteks. Toe Dawid hierdie Psalm geskryf het, was dit in ‘n tyd toe hy vir sy lewe moes vlug. Sy omstandighede was glad nie goed nie! Dawid moes homself voor Abiméleg as kranksinnig voorgee. Hy was kwesbaar en hy was uit sy gemakzone. En hy was in diepe afhanklikheid van God se verlossing. Tog het sy geloof sterk gestaan!

As hy skryf “Smaak (proe) en sien (ervaar),” skryf hy dit in die konteks van ‘n werkwoord of opdrag: Jou geloof is nie net om van God te weet nie - jou geloof dryf jou deur omstandighede om God te ervaar, en in ‘n verhouding met Hom te bly staan. Vandag roep God jou tot intimiteit met Hom, ten spyte van jou omstandighede. Hy roep jou om te kom proe en te sien!

3. GOD BRING DIE GOEIE NA VORE VANUIT JOU WOESTYNTYDPERK

Dawid het nie hierdie uitnodiging in weelde van sy paleis op sy troon geskrywe nie! Hy het vanuit ‘n woestyntydperk van sy lewe geskryf, terwyl hy moes vlug vir sy vyand, terwyl hy moes wegkruip. Dan is dit nie so maklik om te sê die Here is goed nie.

Jy gaan dalk vandag deur ‘n woestyntyd! ‘n Siekte wat jou lamlê, ‘n dilemma by die werk wat jou loopbaan bedreig. Of jy sukkel om werk te kry. Dalk het jy ‘n stormagtige verhouding of huwelik! Dalk is jou hart verskeur deur die verlies van ‘n geliefde. En dan vra jy, “As God dan weet van hierdie gebeure wat my pad langs sou kom, hoekom beskerm Hy my

nie daarteen nie?”

As ons egter praat oor God se goedheid, dan beteken dit nie dat jy nooit ‘n krisis sal beleef nie. Sy goedheid beteken wel dat jy Sy getroue Teenwoordigheid te midde van jou swaarkry sal ervaar. Al was Dawid se lewe gekenmerk deur gevaar, het hy ‘n diepe vertroue in God se getroue Teenwoordigheid gehad. Hy skryf in Psalm 27, “Die Here is my lig en my redding - wie sal ek vrees?” Wat hy sê is: al omring my vyande my, sal ek nie bang wees nie, want God is my vesting. In Psalm 63, in die woestyn van Juda, sien ons hoe ernstig Dawid na God gesmag het: “U liefde is beter as die lewe.” Selfs in isolasie het hy tevredenheid gevind in God se teenwoordigheid.

Het jy al God se goedheid weens omstandighede en stryd bevraagteken? Dink vir ‘n oomblik aan Beethoven - dink jy sy musiek sou mooier gewees het as hy nie doof was nie? Het hy moed opgegee? Het hy God se goedheid bevraagteken? Dalk, maar hy het die stryd oorwin. Dink ook aan Milton se gedigte. Sou sy gedigte meer aangrypend wees as hy nie blind was nie? Die goeie kan dus uit die slegte te voorskyn kom. So waarom sal ek te midde van slegte tye God se goedheid bevraagteken? Dawid het te midde van die geweldige hitte van die vuuroond wat oor sy lewe gebak het, geweet dat God se goedheid die brood is wat binne bak - smaak en sien dat God jou ook sal deurhelp!

4. BEANTWOORD VANDAG GOD SE UITNODIGING

Dawid nooi jou en my na die tafel: Kom proe en sien... Kom ervaar self. “Proe en sien dat die Here goed is; geseënd sal jy wees,



wanneer jy jou toevlug na Hom neem.” Onthou Psalm 100:5, “Die Here is ‘n goeie God! Hy sal jou wat in Hom glo, nooit ophou liefhê nie. Hy is ‘n goeie God, nou en vir altyd!” Jy verdien nie hierdie pad na God se tafel van goedheid deur jou goeie werke nie. Al wat jy hoef te doen, is om te reageer op God se uitnodiging. Of jy moeg of kwesbaar is, of jy dwaal en mat is, of as jy wonder... weet vandag dat die goedheid van God ook vir jou bestem is. Kom net nader aan die heerlike smaak - kom nader aan God se tafel! Mag jy uitstap en proe - nie net dink of weet nie, maar waarlik ervaar - dat die Here ook vir jou goed is. Mag jou toevlug nie in antwoorde gevind word nie, maar in Sy omhelsing. En mag jou lewe ‘n honger in ander aanwakker vir die genade van God wat ook hul diepste nood kan still!

Past. Johan Nortje, 083 280 8971.

Are You A Fan or A Follower?

We know from Scripture that salvation is a free gift that Jesus offers to those who trust and believe in Him. But just because our salvation is free, doesn't mean the rest of our lives with Jesus will cost us nothing. Jesus says that following Him will cost us everything! This doesn't mean we have to earn our salvation or work for acceptance, but it does mean that following Jesus requires everything that we have.

When we become disciples of Jesus, we follow in His footsteps. We let Jesus teach and guide us. If we are serious about this, then

our lives will become patterned after His life. This means that just as Jesus took up a cross and gave up everything He had, we also must be ready to carry our own cross.

So what does it mean to take up a cross and follow Jesus? It means that we should be ready to give up everything for the sake of Jesus. It means denying ourselves by surrendering our own desires and plans for God's desires and plans. Rather than focusing on ourselves, we centre our lives around God's mission in the world: loving Him and loving others as we make disciples.

Taking up one's cross isn't easy, but there is nothing in this life that is better than following Jesus. While immediate pleasure often feels more desirable in the moment, it quickly fades and leaves us searching for more. No possession or position can lead to true satisfaction in life - that is found only in Jesus.

Take a moment to think about your life. Are there things that you're holding onto that you would be hesitant to surrender to Jesus? Are there relationships that serve your own desires rather than God's? Commit to following Jesus regardless of

how difficult or challenging life might become. The cross, while painful, is temporary - abundant life with Jesus is eternal!

Prayer: God, please show me what I'm withholding from You. I want to live a fully surrendered life. Teach me how to prioritise following You and loving others. No matter how difficult, I want to daily deny my self-focused desires, take up my cross, and seek You first. You should be the priority of my life. Empower me by Your Spirit and may my life be pleasing unto You. In Jesus Name. Amen.
- Selected

Ons het die sin van Christus - streef daarom na Geestelike eenheid

Vervolg van p. 4

die Filippense, "As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, maak dan my blydschap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin" (Fil. 2:1-2 OV).

Paulus lys dan vyf kernwaarhede om die onwyse, ongeestelike gelowiges te laat afsien van hulle onenigheid.

Eerstens maak hy in 1 Kor. 1 die argument dat Christus nie verdeel is nie, en daarom moet Sy liggaam ook nie verdeeld wees nie (v. 13). Elke groepering kan nie hulle eie afbeelding van Christus maak wat vir hulle aanvaarbaar is, en 'n leier aanhang wat hulle gehoor streef nie. Ons moet dus ons oë in die eerste plek op Christus hou en nie op mense nie. Ons moet een van sin wees!

Tweedens maak Paulus dit in hoofstuk 3 duidelik dat elke leier slegs 'n deeltjie van die dienswerk doen, maar dat dit uiteindelik God is wat groei bring (v. 6). Alle geestelike gawes kom van God af, en ons verrig ons dienswerk in Sy krag, nie in ons eie vermoë nie. Ons vaardighede en talente kom van Hom af. Selfs die spesifieke taak en roeping van elke dienaar kom van God af: "En dit soos die Here aan elkeen

gegee het" (v. 5). Ons het dus geen basis vir trots nie, maar ons moet 'n nederige gesindheid hê en onself beskou as bevoorregte dienaars van God. Hierdie gedagte is 'n terugwysing na Jesus se woorde, "So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen" (Luk. 17:10 OV). Ons kyk dus weg van onself en hou ons oë gerig op Hom.

Derdens sien ons sien ook dat 'n nederige gesindheid eerstens van die leier af moet uitgaan, sodat sy of haar volgelinge 'n navolgenswaardige voorbeeld kan hê. Leiers moet in eenheid en nederigheid met ander leiers saamwerk ter wille van die uitbreiding van die Koninkryk van God (v. 8). Dink maar aan Johannes die Doper, toe sy volgelinge ontsteld was en hom wou "verdedig" teen die opgang en dominansie van Jesus. Let op sy nederige antwoord: "Johannes antwoord en sê: 'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie. Julle is self my getuies dat ek gesê het: Ek is nie die Christus nie; maar dat ek voor Hom uitgestuur is. Hy wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom. So is dan hierdie blydschap van my volkome. Hy moet meer word, maar ek minder" (Joh. 3:27-30).

Wat 'n wonderlike voorbeeld van iemand wat die saak van die Koninkryk dien, eerder as sy eie belange!

Vierdens benadruk Paulus die verantwoordelikheid van alle gelowiges: nadat die Fondament gelê is, moet ons versigtig op hierdie Fondasie bou, en ons moet ons hartsgesindheid dophou: "Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie - dit is Jesus Christus. Of iemand nou op die fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of strooi - elkeen se werk sal duidelik word, want dié dag sal dit aan die lig bring. Deur vuur sal dit geopenbaar word, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk op die proef stel. As iemand se bouwerk behoue bly, sal hy sy loon ontvang" (1 Kor. 3:11-14 DV).

Laastens eindig Paulus af met die gedagte dat as ons ons plek in die geestelike hiërargie verstaan, dit ons tot nederige eenheid sal stem: alles behoort inderdaad aan ons (ons redding en selfs die geestelike leiers is as gawes aan ons gegee), maar ons behoort aan Christus, en Christus aan God (Joh. 5:19-20; 10:29). Ons moenie sê dat ons aan persoon A of B of selfs aan Christus behoort (as 'n verskoning vir verdeeldheid) nie, maar alle dinge is uiteindelik aan God die Vader onderworpe. Ons moet Hom met 'n edele hartsgesindheid en prysenswaardige

handelinge eer.

TOEPASSING

Laat ons ons verheug in die wonderlike geskenk wat God met ons deel: geestelike insig en wysheid. Laat ons groei en die onvolwasse, vleeslike gesindhede agterlaat. Hoe bestry ons 'n onwyse, ongeestelike gesindheid? Deur die Geestelike vernuwing van ons gemeenskaplike perspektief. Alle vrugbare geestelike werk is uit God en uit Sy krag, en so ook die roeping van elke ware geestelike werker. Dit laat ons met geen rede vir trots of ingenomenheid met ons eie vermoë of nalatenskap nie. Ons is medewerkers van God in Sy akker. Ons is verantwoordbaar aan Hom, en ons moet ons geestelike werk in Sy krag verrig. Daarom moet ons onself ook nie met ander vergelyk nie - God sal elkeen se werk beoordeel en beloon, volgens hul unieke roeping. Laat ons dus op onself let, sodat ons werke nie eendag verbrand nie! Laat ons voortgaan om te bou met goud, silwer, en kosbare stene op die Fondasie, dit is Christus, met die wysheid van die Gees. Só sal ons God verheerlik en die Evangelie versier (Titus 2:10). Laat ons ook vir ons geestelike leiers intree terwyl ons saam - in Geestelike eenheid - God se Koninkryk bou! Wees 'n Koninkrykbouer, 'n medewerker van God, 'n nederige dienaar, 'n wyse vakman!

© C Venter

THE ULTIMATE HIDING PLACE

Beautiful soul, sculptor, artist and pastor, Reverend Doug Merkey's life was seemingly going to pieces. "My mother had lost her prolonged battle with cancer; a long-term romantic relationship was failing; my finances were depleted; my vocation was foggy ... The emotional and spiritual darkness around me and within me was deep and debilitating and seemingly impenetrable," he wrote.

Living in a cramped attic, adding to the long list of negatives, it nevertheless became the setting in which the sculpture, The Hiding Place, was brought to being. Depicting Christ's nail-scarred hands - open, cupped together - became the expression of his ultimate safe place. The "sculpture is Christ's invitation to hide in

Him," he explained.

How many are the troubles that besiege us from day to day! How many prayers go up before the Throne of Grace pleading for relief and an outcome that would lift us out of the valley of tears! Beloved, may I assure you, from deep, personal experience: He hears and He answers. He steps in, builds you up and recycles your worst pain and trouble into ministry toward others in similar situations.

David was speaking to God, composing yet another Psalm, and suddenly it became a conversation with Him - "You are my hiding place; You protect me from trouble. You surround me with songs of victory" ... and then God replies, "I will guide you along the

best pathway for your life. I will advise you and watch over you. Do not be like a senseless horse or mule that needs a bit and bridle to keep it under control." David confesses: "Many sorrows come to the wicked, but UNFAILING LOVE SURROUNDS THOSE WHO TRUST THE LORD" (Ps. 32:7-10).

Beloved, wipe your tears, trust Him, your ultimate Safe Place, now and forever, and rejoice in what He is doing in and with your life!

- Helen du Plessis, 083 332 0895.



Helen du Plessis

Lord, you are my secret hiding place, protecting me from these troubles, surrounding me with songs of gladness! Your joyous shouts of rescue release my breakthrough (Ps. 32:7 TPT).

The Power of Blessing Others with Simple Words

By Aaron Joseph Hall

Every day, we move through routines that shape our relationships and build our sense of self. Sometimes, we believe that only grand gestures matter. But I've seen how simple words, spoken in kindness, can be like seeds planted along the path of daily life. These gentle blessings, easy to overlook, hold a quiet strength. They breathe hope, comfort, and encouragement into the people around us. **I think of this as a legacy anyone can leave - one thoughtful sentence at a time.**

Our words can be a prayer, an embrace, or sunshine on a cloudy morning. So what really happens when we choose blessing over criticism, encouragement over silence? Let's look deeper and discover just how much power our words really have.

1. UNDERSTANDING THE POWER OF SIMPLE WORDS

Most of us can still recall a compliment that changed our outlook, a word of reassurance when we felt alone, or a blessing that lit up a dark day. Words shape our relationships and even our own sense of identity.

Scientific research backs this up. Studies in psychology show that affirming words boost self-esteem and emotional health. A gentle "I believe in you" can rewire a child's approach to a challenge. Couples who thank each other often enjoy stronger bonds. When we speak life into those around us, we spark a cycle of good, rooted in something as simple as a few honest phrases.

2. HOW WORDS SHAPE OUR REALITY

Neuroscience reveals how positive speech can alter the brain's pathways. When we hear or speak kind words, our brains release oxytocin, which is the "bonding hormone." This creates feelings of safety and trust. Even language we speak to ourselves changes our mood and motivation.

Once, a teacher told me I had a gift for writing. I believed her and began to see myself that way. It changed the path I chose. I've seen adults light up from compliments that seem minor. This is not just social grace; it's neuroscience in action. Proverbs 16:24 says, "Pleasant words are a honeycomb - sweet to the soul and healing to the bones." These truths have held steady long before modern science caught up. Real stories fill my mind - like the nurse who whispered encour-

agement to a nervous patient, or the father who told his daughter, "You make me proud." These small gifts carry a weight that echoes far beyond the moment.

3. THE RIPPLE EFFECT OF VERBAL BLESSINGS

Kind words are never spent. When you offer someone an honest blessing, it often ripples outward. A single "thank you" at the grocery store can brighten a tired clerk's day. That person, lifted by your words, might return home with more patience for their family. The ripple grows.

I've seen it at church, where a kind word between friends leads to an outpouring of support when someone falls ill. Workplaces that practice gratitude tend to be more productive and less stressful. Families who fill mealtime with encouragement find joy at their tables. One positive word can begin a chain that circles back, stronger and wider than before.

4. WAYS TO BLESS OTHERS THROUGH SIMPLE WORDS

Many people wonder if blessing others will feel awkward or forced. The truth is, it's easier than you think. With a little intention, ordinary moments become holy ground for encouragement.

Consider these common places to offer a simple blessing:

- At home: Tell your spouse or child what you appreciate about them. Say, "I'm grateful for you today," or, "You handled that so well."
- At work: Thank a coworker for their help. End a meeting by noting someone's growth or resilience.
- With friends: Point out a quality you admire. Even a quick text, such as "Thinking of you. I'm thankful for your friendship," can lift someone's spirits.
- In public: Compliment a stranger's kindness or effort. A "You have a great smile" to someone serving you coffee is never wasted.

These words don't require long speeches. Small, specific comments create real change.

5. CREATIVE IDEAS FOR SHARING BLESSINGS

Blessings don't have to be spoken face-to-face. Sometimes, creativity makes the message even sweeter.

- Leave a handwritten note: Slip a note into your child's backpack or leave a card at a neighbour's door.
- Send a text or voice message: A quick, heartfelt message can



make all the difference for someone far away.

- Start a gratitude jar: Fill it with short messages of encouragement, then share it with a friend or family member on a hard day.
- Post a kind message: Share public appreciation on social media or write a positive review for a local business.
- Expressing blessings through small acts fits any personality. You can even bless someone without them knowing, by praying for them or speaking kindly about them behind their back.

6. OVERCOMING BARRIERS IN SPEAKING BLESSINGS

Not everyone finds it easy to offer kind words. Shyness, fear of awkwardness, or bad past experiences can hold us back.

- Here's how to move forward:
- Start small: You don't have to pour your heart out. A simple "I like working with you" is enough.
 - Practice gratitude: Try writing down three things you're grateful for about people in your life. This helps you spot opportunities to speak a blessing.
 - Don't wait for the perfect moment: Words don't have to be flawless. Sincerity matters most.
 - Remember your own needs: Think about how much it means

when someone blesses you. Let that memory give you courage.

There will be moments when blessing others feels risky. Sometimes people are surprised or unsure how to respond. That's okay. The act still matters, whether or not it's acknowledged the right away.


CONCLUSION

Words have the power to build, heal, and encourage. **Every blessing spoken is a seed of hope, a spark of grace.** In a world that often feels rushed or harsh, we have the chance to slow down and use our voices for good.

Imagine what homes, schools, and communities would feel like if we chose words that lifted others daily. The truth is, your simple blessing might be the turning point in someone else's story.

I encourage you to speak a blessing today - out loud, on paper, or in a message. Watch for the shift it creates, both in others and in yourself.

Simple words hold the power to shape hearts. Go out and use them well!
<https://thinke.org/blog/ykqqnlou2tvzyc5hkh5m7sq61kidkc>



Wat is die Betekenis van die Golgotakruis?

Van die vroegste tyd af speel die kruis 'n belangrike rol vir Christene. So dui dit aan dat party grotte die vroegste bymekaarkomplekke van Christene was; dit is met 'n kruis gemerk. Ook later in sowel die Westerse en Oosterse kerke is die kruis prominent en een van die redes daarvoor is dat min mense geletterd was. Daarom het simbole, insluitend ikone, 'n belangrike rol vervul.

Hoekom is dit juis die kruis wat vir Christene so belangrik was? Daar was twee redes hoekom hulle dit beklemtoon het; ons skeep vandag dalk die tweede rede 'n bietjie af.

Eerstens herinner die kruis ons aan die woorde: "Dit is volbring!" So dui Jesus aan dat Sy dood ons met God versoen. Dink maar aan 2 Korintiërs 5:18 wat verduidelik: "God het ons deur Christus met Homself versoen en dit beteken dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle nie hul oortredings toe te reken nie."

Die tweede rede hoekom die kruis vir ons belangrik is, het met Jesus se primêre boodskap te doen. Markus 1:14-15 verduidelik dat Jesus die dissipels met die bood-

skap stuur dat die tyd aangebreek het dat God se koningsheerskappy enige oomblik gaan begin. Jesus gebruik die term 'koninkryk' om te verwys na God se heerskappy wat gaan aanbreek en tot harmonie en vrede gaan lei, onder mense en selfs in die diereryk.

Jesus verseker Sy dissipels dat die koninkryk enige oomblik gaan aanbreek. Volgens Matteus 24:34 sê Jesus dat die mense wat na Hom luister nie uitgeste sal wees voordat dit kom nie. Beteken dit dat Jesus 'n fout gemaak het? Nee, kort na Sy opstanding gebeur dit wel. Die koninkryk breek aan. Trouens, elke keer wat gelowiges die keuse uitoefen om wat hulle wil te verruil vir wat die Here wil, gebeur die koninkryk.

Die kruis demonstreer met ander woorde ook wat dit van 'n mens vra om God se wil te doen: jy moet bereid wees om aan jouself te sterf. Volgens Lukas 9:23-24 sê Jesus: "As enigeen van julle My dissipel wil word, moet jy jou selfsugtige ambisie aflê, elke dag jou kruis opneem en My volg. As jy jou lewe vir jouself wil hou, sal jy dit verloor. Maar as jy jou lewe vir My opgee, sal jy ware lewe vind."

Ons is elke dag omring met mense; baie van ons keuses het met hierdie mense te doen. Dikwels vra die Here van ons dat ons hulle sal dien, dat ons die minste sal wees, dat ons ons aandag aan 'ander' wy, dat ons haastig sal wees om te vergewe en om vergifnis te vra, ja, dat ons selfs ons vyande sal liefhê.

Dit impliseer dat die evangelie van gelowiges vra dat hulle dikwels sal moet sterf aan wat hulle wil doen: om self wraak te neem, om in woede uit te bars en onbeheers aan frustrasie of ongeduld uiting te gee. Dit vra dat ons eers sal sluk en vra: "Here, hoe wil U hê moet ek die situasie hanteer? Wat wil U hê ek moet sê of doen?" Dit vra dat ek aan myself doodgaan deur my selfsug op te offer en te doen wat die Here van my vra.

Dit is die hart van die evangelie wat ons mis wanneer ons slegs op die kruisdood as versoening vir ons sondes fokus. En hierin bestaan ook die impak wat die koms van die koninkryk op ons wêreld het. Soos Jesus in Matteus 13:33 verduidelik: God se koningsheerskappy is soos 'n bietjie suurdeeg wat 'n vrou in 'n groot baksel meel (3 mate = 21 kg!) inwerk om brood te bak. Dit

deursuur alles. Die koninkryk begin met iets klein en dit seën mense en verander hul harte.

Die Here regeer dat gelowiges die voorskoot sal aantrek en op hul knieë sal gaan, soos hul Meester, en ander se voete was. Johannes 13 verduidelik dat nadat Jesus Sy dissipels se voete klaar gewas het, Hy vir hulle sê: "As Ek dan, wat julle Here en Leermeester is, julle voete gewas het, moet julle ook mekaar se voete was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen."

Watter impak het jou lewe as 'n gelowige? Hoeveel van die koninkryk kom waar jy gaan? Gebeur die kruis ook verder in jou lewe as net dat dit aandui dat 'n mens met vrymoedigheid en dankbaar voor God mag staan?

Gebeur die kruis in jou huwelik, gesin en vriendekring, by die werk en op die sportveld? In hoe jy oor jouself dink en hoe jy reageer op wat met jou gebeur? Anders gestel: hoeveel van God se wil gebeur in jou lewe? Want dit bepaal hoeveel van God se vrede, harmonie en seën jy in ons stukkende wêreld indra.

- Prof. Marius Nel

FAITH BEHELD, FAITH BLESSED

"A few days later, when Jesus came back to Capernaum, the news spread that He was at home. Many people gathered together so that there was no room in the house, not even outside the door. And Jesus was teaching them God's message. Four people came, carrying a paralysed man. Since they could not get to Jesus because of the crowd, they dug a hole in the roof right above where He was speaking. When they got through, they lowered the mat with the paralysed man on it. When Jesus saw the faith of these people, He said to the paralysed man, 'Young man, your sins are forgiven.'" (Mark 2:1-5)

Jesus was moved by this demonstration of faith. Four men had enough hope in Him and love for their friend that they took a chance. The stretcher above was a sign from above - somebody believes! Someone was willing to risk embarrassment and injury for just a few moments with the Galilean. Jesus was moved. So He applauds - if not with His

hands, at least with His heart. And not only does He applaud, He blesses. And we witness a divine loveburst!

The friends want Jesus to heal their friend. But Jesus won't settle for a simple healing of the body - He wants to heal the soul. He leapfrogs the physical and deals with the spiritual. To heal the body is temporal; to heal the soul is eternal.

The request of the friends is valid but timid. The expectations of the crowd are high but not high enough. They expect Jesus to say, "I heal you." Instead He says, "I forgive you." They expect Him to treat the body, for that is what they see. He chooses to treat not only the body, but also the spiritual, for that is what He sees. They want Jesus to give the man a new body so he can walk. Jesus gives grace so the man can live. Remarkable! Sometimes God is so touched by what He sees that He gives us what we need and not simply that for which we ask.



By the way, Jesus hasn't changed since the day a stretcher was lowered into his Presence on the cords of hope. What happened then still happens today. When we take a step of faith, God sees.

The same Face that beamed at the paralytic beams at the alcoholic refusing the bottle. The same eyes that danced at the friends dance at the mom and dad who will do whatever it takes to get their child to Jesus. And the same lips that spoke to the man in Capernaum speak to the man in

Detroit, to the woman in Belfast, to the child in Moscow... to any person anywhere who dares to come into the Presence of God and ask for help.

And though we can't hear it here, the angels can hear Him there: All of heaven must pause as another burst of love declares the only words that really matter - "Your sins are forgiven!"

- The Gift for all people, Max Lucado, 1999, Christian Art Publishers

Clinging to God in Seasons of Disappointment

Psalm 37:4 offers a beautiful promise *“Delight yourself in the Lord, and he will give you the desires of your heart.”* Yet what do we do when those desires remain unfulfilled? What happens when you are genuinely seeking God praying, obeying, delighting in Him and still your heart aches for something good that never comes? How should we trust God’s promises when your deepest desires remain unmet?

This is a reality many believers face. Creation itself, Paul reminds us, is “groaning” with unfulfilled longing (Romans 8:22). The question is not whether disappointments will come, but how we respond to them.

One woman’s story illustrates this struggle powerfully. At 52, she walks with a cane after surviving a severe accident that left her in a months-long coma and required years of therapy. She has prayed for decades to be married, yet remains single and has never even been kissed. Her question is raw: “Does this mean I’ve been refined only for God? Am I misunderstanding His promises?”

WHEN LONGINGS GO UNMET
The truth is, every Christian carries unfulfilled desires of some kind - a marriage that is not what we hoped for, a child who has wandered from faith, a career that never took shape, a health crisis that lingers.

We read promises like *“Ask, and it will be given to you”* (Matthew 7:7), and *“No good thing does He withhold from those who walk uprightly”* (Psalm 84:11), and we wonder if our unanswered prayers mean something has gone wrong. Yet the Bible itself gives us examples of faithful people living with “unanswered” longings.

Paul pleaded three times for God to remove his *“thorn in the flesh,”* but the answer was “no” because Christ’s power was made perfect in his weakness (2 Corinthians 12:8-9). In the end, Paul found contentment in what God had chosen for him, because Christ Himself became his deepest satisfaction (2 Corinthians 12:10). This is a profound truth for us: when God says “no” or “not yet,” He invites us into a deeper joy - one that isn’t dependent on circumstances, but on His Presence.

LEARNING TO TRUST AGAIN
How do we live with this tension, year after year?

1. Cast your burden daily.
Unfulfilled desires are heavy burdens. If we try to carry them alone, they will crush us. Scripture tells us, *“Cast your burden on the Lord, and He will sustain you”* (Psalm 55:22). Every morning, we can come to God and say, “Father, my heart aches for this longing. But You are wise, good, and loving. I roll this burden onto You again today. Show me how to walk in freedom.”

2. Resist the temptation to wear your pain as a badge.
It’s easy to let disappointment shape how we present ourselves to others, subtly trying to communicate how hard our lives are. But the Spirit calls us to maturity to acknowledge our longings before God and a few trusted friends, while still choosing to live a life marked by joy. Christian maturity does not deny sorrow, but it refuses to let sorrow define us. It is possible to taste unfulfilled desires and still live a life full of purpose, friendships, ministry, and hope.

3. Recognise God’s deeper promise.
Sometimes, our deepest longing is not ultimately for marriage,

health, or success - it is for a life that matters, a life that reflects God’s worth. And God promises to give us that. He promises Himself. As Jesus said, *“Seek first the kingdom of God and His righteousness, and all these things will be added to you”* (Matthew 6:33). Even when we do not receive what we hoped for, we can trust that God is giving us what is best for our souls - both now and for eternity.

LIVING WITH HOPE
Many faithful believers have lived full, joy-filled lives while carrying unmet desires. Think of the single women who devoted their lives to missionary work - Amy Carmichael, Mary Slessor, Gladys Aylward, and others. Their lives weren’t defined by what they lacked, but by what they pursued:

the glory of Christ. Our hope is not in getting everything we want in this life. Our hope is in a God Who promises us Himself. Psalm 16:11 reminds us, *“In your Presence there is fullness of joy; at your right hand are pleasures forevermore.”*

So, to the one whose heart is breaking from unmet desires, remember this: You are not forgotten. God is not withholding good from you. He is shaping you for something eternal. Every day, roll your burdens onto Him. Ask Him for strength to live fully, even with a “melancholy note” in your life’s symphony. And trust that the joy He has prepared for you will one day outshine every earthly disappointment.

www.faithactivist.com

GEBED VIR HUWELIKE

Hemelse Vader, dankie vir die heilige verbond van die huwelik - nie net as ’n verhouding tussen twee mense nie, maar as ’n beeld van U liefde vir U mense. Ons bring ons huwelik na U toe, Here. Ons erken dat ons swak is sonder U, dat liefde soms ’n keuse is en nie net ’n gevoel nie, dat intimiteit gebou word en nie outomaties bly nie, en dat vrede nie altyd teenwoordig is nie - maar altyd moontlik is in U Teenwoordigheid.

Here, genees die plekke waar ons mekaar seergemaak het. Vergewe ons vir woorde wat geskei het, vir stiltes wat afstand geskep het, en vir trots wat ’n muur tussen ons gebou het. Bind ons harte weer vas - nie met skuld of plig nie, maar met liefde, eerbied en ’n nuwe sagtheid. Help ons om weer mekaar te kies, om mekaar weer te sien met nuwe oë - nie net as ouers, broodwinners of pligdoeners nie, maar as man en vrou, liefdesmaat, bondgenote in geloof.

Laat ons huis ’n plek wees van rus, nie spanning nie. Laat ons woorde genees, nie verwond nie. Laat ons aanraking weer heilig wees, nie skaars nie. En mag ons albei altyd onthou: U is nie die derde party nie - U is die Fondament. Bewaar ons teen die aanvalle van die vyand. Sluit elke oop deur wat ons onbewustelik gelaat het - deur onvergewensgesindheid, emosionele afstand, buite-invloede of geestelike laksheid.

Plant weer nuwe lewe in droë grond. Laat daar lag wees in ons huis, vreugde in ons saamwees, en hoop vir die pad vorentoe. Ons verklaar: Ons huwelik is U s’n. Ons liefde is ’n wapen. En ons eenheid is ’n getuigenis. In die magtige Naam van Jesus bid ons dit. Amen.

Jer. 20:11

★★★**B&B** Uit die Hand

KLERKSDORP

BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS

Skakel “Alte-Welkom”
082 492 2299
018 468 1921
altewelkom@telkomsa.net
www.altewelkom.com

van die HEER

Oase van Hoop

AGS Baillie Park Gemeente

Sondagoggenddiens 9:30
JOI-Kinderdienste 9:30
E-pos: johann@safricom.co.za
Pastoor Johan Nortje 083 280 8971



OASE VAN HOOP

-KOFFIE KAFEE-

HEB. 6:19

EST. 2023